

Woensdag 28 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 2:17 – 3:5

Fokusgedeelte: Maleagi 2:17b

### God is 'n regverdige God!

In hierdie gedeelte spreek Maleagi 'n volgende dwaling van die volk aan. Hulle beweer God is 'n *onregverdige God!* Hy laat nie reg geskied nie. Hy maak nie onderskeid tussen die wat kwaad doen en die wat goed doen nie! Hulle wat goed doen, kry nie beloning nie. En dan selfs 'n lasterlike beskuldiging: Die Here hou van hulle wat verkeerd doen. Dit gaan goed met hulle wat nie vroom lewe volgens die Here se instellings nie. Hiermee ontken hulle eintlik die Here se regering, *ontken dat Hy in beheer* is. Hulle godsdiens is eintlik 'n mors van tyd!

Maar, sê die profeet, hier is drie dinge waarvan julle seker kan wees:

- Die Here gaan eers sy *boodskapper* stuur (3:1). Die een wat die pad van die Here self reguit maak. Natuurlik word hiermee verwys na Johannes die Doper (vgl. o.a. Luk. 1:17). In ooreenstemming met Jesaja 40 verkondig die boodskapper oordeel én beloning. En hy kondig oordeel aan oor die goddelose, en die evangelie (goeie tyding) aan hulle wat wag op die Messias (Jes. 40:9).
- En dan kom die *Here self* (3:1) na sy tempel toe! “Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here.” En hierdie is inderdaad 'n profesie oor die komende Jesus, die Messias self. Hy sal die tempel vul met heerlijkheid (Hag. 2:9; Es. 43:1-5), die beloning vir die regverdiges. Immanuel. Máár, Hy is ook soos die smede wat met vuur louter en soos hulle wat met seep dit wat vuil is, skoonwas (vs 2, 3). Dit is deur sy werk dat daar weer offers sal kom “wat bestaan uit regdoen”.
- Die Here Jesus gaan egter nie net oordeel nie, Hy gaan ook *straf* (vs 5)! Ja, die oordeel is aan die kom vir hulle wat God se regering ontken. Jesus is Regter en inderdaad die steen waaroor die goddeloses struikel (Matt. 21:42). En kyk wie kom onder sy straf – hulle wat onreg pleeg in die samelewing (teen weduwees, wese, dagloners, ens.) – mense wat op dié manier wys dat hulle nie “vir My eerbied het nie”.

Maleagi leer ons: *Moet nie dink die Here is nie in beheer nie! Al lyk soms vanuit 'n menslike oog so! Nee, met 'n vaste hoop mag ons weet: Die Messias het gekom, en Hy kom terug op die wolke – wanneer ons dit die minste verwag. Volhard dan!*

Sing: Skrifberyming 2-4:3

Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)